



NOG VAN DIESELFDE?

Om myself darem nie te herhaal aan die begin van elke jaar nie, het ek gaan kyk na wat ek in Januarie 2015 se *Die Kandelaar* geskryf het. Lees bietjie wat ek geskryf het: "Toe ek dink aan 'n opskrif vir hierdie inleidingsartikel, het daar baie gedagtes deur my kop gegaan – meesal dié van hoop en verwagting, maar ook van onsekerheid agv alles wat in die onlangse verlede gebeur het en die pessimistiese voorspellings vir ons land. Ons hoop dat al die negatiewe wat voorspel word, nie sal gebeur nie". Ek kon dit vanjaar maar weer geskryf het. Hierdie keer is die pessimisme in ons land dalk net 'n bietjie erger agv die onsinne afdanking van ons minister van finansies, Nhlanhla Nene, deur pres Zuma en die knellende droogte wat ons ervaar. Al die ekonome voorspel vir ons swaar tye vorentoe – genoeg om ons beangsd en wanhopig te maak. Maar dis juis nou, nog meer as vantevore, dat ons as gelowiges moet vashou aan die hoop.

Aan die begin van elke jaar dink ons ook aan die matrikulante: baie geluk aan almal wat geslaag het en aan hul ouers. Ons dink ook aan hulle wat nou verder gaan studeer, veral in hierdie tyd van soveel studentebetogings en eise wat gestel word waarvan sommige onsinnig is. Ons dink ook aan die matrikulante en afgestudeerde studente wat nou die arbeidsmark

gaan betree. Mag elkeen van julle 'n plekkie vind waar julle kan werk en diens kan lewer aan julle medemens.

Ons wil in hierdie ruimte ook besondere meegevoel betuig met Chris Calitz, ons taalversorger oor baie jare, wie se vrou, Elsie, oorlede is op 13 Januarie en begrawe is op 20 Januarie. Chris, mag jy in die tye van eensaamheid wat voorlê, troos en gemeenskap vind in die mense wat naby aan jou is en in die teenwoordigheid van ons hemelse Vader.

Aan al ons lesers: 'n baie **geseënde** nuwe jaar in hierdie moeilike tye. En geniet hierdie eerste uitgawe van 2016 se *Die Kandelaar*.

Daan en Jansie Kilian.

OP REIS (5)

'n Mens moet 'n goeie idee hê van dit wat jy in 'n betrokke land wil gaan sien en dan jou reisprogram beplan om vir jou in staat te stel om dit te kan bereik. Ek hou nie van 'n te rigiede benadering nie omdat 'n mens nie 'n idee het wat jou belewenis van 'n stad of streek sal wees nie. Jy lees vooraf en op die manier kyk 'n mens as't ware deur die oë van ander na die omgewing. Soos die reis vorder, lees jy meer en praat 'n mens baie met ander reisigers wat jou natuurlik beïnvloed om na nog ander plekke te gaan. Ons breë plan was dat ons graag die oudste beskawings se stede wou besoek, dan iets van Paulus se reise in Klein-Asië, en van die dorpie aan wie

Johannes in Openbaring geskryf het, wou besigtig. Laastens moet 'n mens in Turkye die stad Istanbul en die Hagia Sofia gaan besoek.

Ons reis vanaf die noorde na die suide en in die middel van die land is die landstreek van Kappadosië. Dadelik bevind jy jou in die streek van die vervolgte kerk. Dorpie met die name van Urgüp, Göreme en Derinkuyu dra al die tekens van die ondergrondse kerk. In Derinkuyu is daar ondergronds 'n nedersetting, verstommend dat die Christene om 'n sentrale pilaar al in die rondte tot 10 verdiepings afgewreke het, met ventilasieskagte en al. Ondergronds was plekke vir die diere ingerig, duiwe is gepars en kerk is gehou. Volgens berekenings kon daar selfs soveel as 20 000 mense in die landstreek onder die grond gebly het as die gevaar gedreig het. Hulle het natuurlik nie op 'n permanente basis so gewoon nie, maar is vroegtydig gewaarsku en het dan na veiligheid gevlug totdat die gevaar weer verby is.

In Göreme, 'n toeristedorpie waarheen baie mense kom om onder andere lugballonvlugte te onderneem en op die baie staproetes in die valleie van "fairy chimneys" te gaan stap, lees ons en hoor ons dat ons verder in die Soganli vallei die spoor van die vervolgte kerk moet volg. Ons slaap die aand in Mustafapasha en vertrek die volgende oggend op 'n dagtoer. Die gids het moeite gedoen, op pad wys hy vir ons 'n hele Romeinse stad, Sobesos, wat nog verder argeologies ontgin moet word. By die volgende dorpie is dit net mooi die tyd vir gebed en hy vra dat ons

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

hom sal verskoon. Hy laai ons by 'n kruising af en reël dat ons moet kyk hoe die vroue van die dorpie brood bak. 'n Eenvoudige gebou-tjie is die bakhuis en die eerste opvallende ding is die hoop bok-mis en strooi waarmee hulle die vuur stook.

'n Vrou sit deeg op 'n lang plank wat sy deur 'n opening na buite aangee. Dit word in die oond ge-steek om gebak te word en die gebakte brood, wat eintlik ronde, plat brode is, word uitgehaal en versorg vir verspreiding. So tussen die hoenders en kinders en bokke word 'n lewensbelangrike aksie uitgevoer: brode word gebak. Ons kry 'n goud-bruin warm brood uit die hand van 'n vriendelike vrou en sit af na die naaste eetplek. Dit is eintlik maar 'n huis met 'n stoep met tafels en stoele so onder die druiweprieël. Hulle is gaaf en vriendelik en bring vir ons geregte om saam met die brood te eet. Tuisgemaakte kaas, gekapte kom-kommer en tamatie, 'n boontjie-gereg en koring word bedien met appeltee. Absoluut smaaklik. Dit is eintlik hierdie lekker eet op so 'n spontane manier wat die dag vir altyd in jou gedagtes lewendig sal hou.

Wat kan 'n mens meer begeer as eenvoudige kos, 'n besoek aan 'n landstreek met sy ryke geskiedenis waarin die godsdienste 'n groot rol gespeel het.

Die Soganli vallei stel nie teleur nie, die kerke is oral uit die rots gekap: die kerk van Karabas, die versteekte kerk, die kerk van Barbara en die kerk van die slange, die koepelkerke

Ds Gideon

CARPE MANANA

Voordat ek die volgende bydrae weergee, eers die agtergrond:- Ons het in 2015 stiltetyd gehou aan die hand van Stephan Joubert se dagboek *God is genoeg*. Die tema vir die jaar is dat God, soos ons Hom leer ken in die Bybel, genoeg is vir ons geloof. Daarom is dit nodig dat Hy meer word en ons minder en dat Hy almeer 'n groter teenwoordigheid in ons lew-

ens moet kry, dag vir dag. Die ge-deelte wat ek hier aanhaal, onder bg opskrif, is die dagstuk vir 31 Desember.

Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle almal wees! (2 Thess 3:18)

Het jou reis van kleiner groei in God se teenwoordigheid jou lewe vanjaar ryker gemaak? Was jy wyser en meer bedagsaam teenoor ander as in vorige jare? Het jou liefde vir God meermale op jou vingerafdrukke en voetspore neerslag gevind? Het jou skouers oor die afgelope jaar ruimer plek gehad vir ander mense se swaarkry as tevore? Dan was hierdie reis deur en deur die moeite werd. Onthou egter dat elke goeie vruggie aan jou lewensboom aan die Heer se goedheid te danke is. Aan Hom al die eer dat Hy vanjaar saamgestap het, dwarsdeur elke donker dal en te midde van elke groen weiveld. Toe jy langs die pad sy hand wou los, het Hy nie dieselfde teruggedoen nie. Nooit sal Hy ook so iets oorweeg in die nuwe jaar nie. Daarom dat volgende jaar groot geleenthede vir jou in ons hemelse Vader se wingerd inhou.

Carpe diem: Gryp die dag! Jy het dit definitief al gehoor. Maar hier op 31 Desember moet jy nog iets hoor: *Carpe manana:* Gryp die dag van môre! Môre hierdie tyd is dit reeds volgende jaar. Die sand het regdeur vanjaar se uurglas geloop. Nou moet jy in geloof volgende jaar toe stap. Die beste manier is om jou hande in God se hand te sit. Op jou eie verdwaal jy te maklik. Jy weet nie regtig hoe vorentoe nie, maar daar is Een wat weet, die lewende Here. Hy is die Een wat môre ken, asook elke nuwe dag daarna. In die greep van sy genade is jy veilig. Daarom dat jy met geloofsmoed die *carpe manana*-roete kan aandurf.

Mag elke nuwe dag wat jou gegun word een wees waar jy die liefdevolle nabyheid van die Here beleef. Mag sy vrede jou permanente beskutting wees. Mag Christus jou omvou met sy teenwoordigheid en mag die Heilige Gees jou in die volle waarheid lei, nou en tot in die verste ewigheid. Amen.

VUURWERK

Die geskietery van vuurwerk rondom Kersfees en veral Nuwejaar bly maar 'n strydpunt. Vir sommige is dit net onskuldige pret, maar vir ander is dit 'n onnodige irritasie en 'n bewys van hoe min sommige mense vir ander, en veral troeteldiere omgee. Vir my is dit laasgenoemde.

Al die geskietery met Nuwejaar het my baie omgekrap en laat wonder hoe ons arme troeteldiere dit moet hou sowel as al die voëls in die bome wat hul nagrus prober geniet en dan wreed ontwrig word. Ek het sommer baie kwaad geword toe ek nog in die koerant lees dat 'n dogtertjie se hand ernstig beseer is deur vuurwerk, en onthou van ander se beserings wat in die verlede deur koerante vermeld is. Ek kan onthou van iemand wat sy/haar oog verloor het agv vuurwerk.

En toe worstel ons nog in Desember en begin Januarie met die hittegolf wat my laat dink: is die houding en gesindheid van mense wat so onnadenkend en selfsugtig met vuurwerk omgaan nie maar dieselfde as die gesindheid van so baie van die mensdom wat ons aarde so besoedel dat die weer behoorlik omgekrap is nie?

Hoe ons met mekaar en die skepping omgaan, is 'n ernstige saak. Ons mense is so besig om ons eie nes te bevuil dat ons later nie meer daarin sal kan lewe nie. Hoe ons met mekaar en met God se skepping omgaan, is 'n kernelement van ons geloof. Ons kan

nie ons geloof bely en halleluja sing oor God se genade aan die een kant en aan die ander kant die skepping en mekaar verinneweer nie.

Mag ons almal tenminste een nuwejaarswens hê wat ons nougeset uitvoer, nl om die skepping soos goud op te pas en mekaar eerder op te bou en te dien eerder as om mekaar te benadeel.....en mag almal tog ophou om vuurwerk te skiet! Dit is immers 'n sinlose gebruik wat terugdateer na die sewende eeuse Sjina en by baie van hul feeste gebruik word. Die Sjinese het oorspronklik geglo dat die vuurwerke bese geeste wegdryf en geluk bring. (Maar deesdae jaag die vuurwerk net die bese geeste in ons honde in en die sla-pende voëls uit die bome uit!) Van Sjina af het die gebruik versprei na Europa, Arabië en die res van die wêreld. Geen wonder dat Sjina die grootste vervaardiger van vuurwerk in die wêreld geword het nie

Ons beskerming teen die bese is nie te vinde in vuurwerk nie, maar in Jesus Christus, ons Verlosser en Here, en Hy is ook die Bron van ons geluk.

Daan Kilian

REGTE MANS VOLG JESUS

– Maar wat beteken dit?

Terwyl daar in S A 'n veldtog van 16 dae (einde 2015) gevoer word teen geweld teen vroue en kinders, is dit 'n goeie tyd om te besin wat dit beteken om man te wees. Dis immers sommige mans wat verantwoordelik is vir geweld teen vroue en kinders. Daar is goeie en slegte maniere om man te wees. Christelike bufferplakkers verkondig maklik: "Real men follow Jesus"– maar wat beteken dit? En hoe staan dit teenoor die ideale van manwees wat dikwels deur die populêre kultuur voorgedra word? Hier is 'n klompie stellings om die

gedagtes hieroor te prikkel.

Populêre kultuur sê

1. Mans moet suksesvol wees. In hulle werk, in hulle sport, in alles wat hulle doen. Dit is die hoogste ideal en die hoogste norm waaraan mans gemeet word. As die sukses ten koste van ander moet kom, is dit jammer, maar dis maar hoe dit is. Indien nodig loop jy oor ander om suksesvol te wees.
2. 'n Man moet gesien word in die kringe van suksesvolles. Jy word immers aan jou vriende geken.
3. 'n Man moet kompeteer en domineer. Dis 'n logiese uitvloeisel daarvan dat 'n man se krag 'n wesentlike eienskap van sy manwees is.
4. Mans is nie die primêre versorgers nie. Dit is 'n vrou se rol. Mans voorsien middele, maar dit is vrouens wat versorg. Daarom is beroepe soos dié van maatskaplike werk en verpleging, fisio-, arbeids- en spraakterapie byna uitsluitlik vroulike beroepe. Dis die vroue wat die kinders versorg.
5. Mans kan moeilik primitiewe drange soos seksuele drange en emosies soos woede beheer. Daarom moet vroue maar ligloop om mans nie onwetend uit te lok, te verlei of hulle woede te ontketen nie.
6. In 'n moeilike en vyandige wêreld moet mans hulleself handhaaf. In 'n man se wêreld is hyself belangrik. Daarom dat mans soms selfgerig is.
7. Mans wys nie emosie nie. Dit is 'n teken van swakheid. Mans mag veral nie huil nie. Ons almal weet mos: "Cowboys don't cry".
8. Mans is doeners. Hulle praat min. Hulle is daarop gerig om dinge gedoen te kry. Daarom is hulle dikwels nie goed met mense en verhoudings nie. Daarom is hulle ook nie goeie

kommunikeerders veral van emosies nie.

9. Besitting is vir mans belangrik. Dit wys hoe suksesvol hulle is. Daarom hang 'n man se selfbeeld dikwels saam met wat hy besit: sy motor, sy huis, sy inkomste.
10. Mans werk hard. Om lang ure in te sit, is vir 'n man 'n natuurlike ding. Van mans word, ook deur hulleself, verwag om 'n onuitputlike bron van energie te wees wat net kan aanhou en aanhou.

Om Jesus te volg

1. Vir Jesus is die hoogste norm die liefde. 'n Navolger van Jesus se identiteit lê nie in die "sukses" wat jy op enige terrein behaal nie, maar in die mate waartoe jy sy liefde uitleef na ander toe. As jou sukses jou kan help om meer liefde te gee, is dit goed, maar dit gaan nie oor sukses ter wille van sukses nie.
2. Jesus was dikwels by diegene wat deur ander verstoot is: die armes, die geringstes soos vroue en kinders, die sondaars, diegene wat verag en verstoot is.
3. Toe Jesus sy dissipels se voete gewas het, het Hy vir hulle gesê dit is die voorbeeld wat hulle moet navolg. Hy het nie kom domineer nie. Hy het kom dien.
4. Jesus het op soveel verskillende maniere mense versorg. Hy het siekes aangeraak en hulle genees, Hy het honger skares gevoed. Aan die kruis het Hy vir Johannes en Maria aan mekaar gegee om mekaar te versorg. In sy gelykenis was dit die barmhartige Samariitaan se gewilligheid om die gewonde man te versorg wat hom van die godsdienstige leiers onderskei het.
5. Jesus hét woedend geword, maar dit was oor onreg en dit

was 'n beheerde woede wat Hom 'n sweep laat vleg het, mense en diere uit die tempel laat dryf het en tafels laat omkeer het. Vroue was nooit die teiken van sy woede nie. Vir vroue het Jesus telkens 'n veilige ruimte gebied.

6. Jesus het Homself nie kom handhaaf nie. Hy het Homself kom gee. Sy selfopofferende liefde beteken dat ander belangrik is, nie die self nie.
7. Jesus het gehuil. Hy was hartseer. Hy was ontsteld. Sy voorbeeld wys dat daar niks fout is daarmee om emosies en medelyde te toon nie.
8. Jesus was 'n goeie kommunikeerder. Hy het verhare vertel en met mense gepraat, want mense en verhoudings is vir Jesus belangrik. Dit is 'n logiese uitvloeisel daarvan dat liefde die hoogste norm is.
9. Jesus het gesê om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang. Die identiteit van 'n volgeling van Jesus Christus hang baie meer saam met dit wat hy gee as dit wat hy het.
10. In Jesus se lewe was daar 'n ritme waarin Hy tussen die skares was en Hom ook teruggetrek het in stilte. Daar was balans tussen werk en rus, tussen energie gee en batterye herlaai.

Opgestel deur Neels Jackson, in oorleg met dr Elize Morkel en dr Andre van Niekerk. Kerkbode 20 November 2015.

AGTER 'N WOLKKOLOM BEDAGS EN 'N VUURKOLOM SNAGS

(Hierdie artikel het in *Kerkbode* van 20 November 2015 verskyn en is, m i, 'n goeie voorbeeld van hoe 'n lidmaat behoort te dink en op te tree in tye wanneer die kerk in die gedrang is – soos tans weer die geval is. Daan Kilian.)

Einde November 2015 emeriteer dr Kobus Gerber as algemene sekretaris van die NG Kerk. Kort voor die Algemene Sinode het hy by die Lentekonferensie in Pretoria teruggekyk op sy reis met die NG Kerk. Neels Jackson berig.

Wat tref 'n mens as jy luister hoe dr Kobus Gerber praat oor die NG Kerk?

Daar is sy diep verbintenis aan die kerk wat hy graag “die kerk van die Here” noem. Dit is 'n verbintenis wat al kom van sy kleinseuntjiedae, met herinnerings van hoe die kerk lyk en ruik en voel nog voor hy iets daarvan kon verstaan.

Daar is ook sy wye kennis en ervaring van en waardering vir die kerk. Dit kom uit sy ervaring as gemeenteleraar, ringsleier, predikant in sinodale diens vir jeug, skriba en moderator van 'n sinode en algemene sekretaris.

Daar is sy verbintenis tot die breë teologiese reikwydte binne die NG Kerk: die evangeliese karakter én die kritiese teologie. Sonder spanning, vertel hy, kon hy vashou aan albei. In sy eie woorde: “Met die hermeneutiek van suspisie aan die voete van Jesus....”.

En daar was sy belewenis van die sagte én die skerp kante van die kerk. Hy vertel huiwerig van die trauma van alle traumas waardeur hy dertig jaar gelede is: 'n egskeiding. Hy vertel van die ondersteuning en lojaliteit van soveel kollegas – en van die venyn van ander.

“My menswees, my kyk na en dink oor mense se seer, my pastoraat en my manier van reis agter die Gans Andere aan het verander. As jy dan met genade kans kry om die woestyntog aan te pak, kan jy dit net op een manier doen: dag vir dag agter die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags.”

Die Here s'n

Praat hy oor die NG Kerk – die ge-

meentes én die Algemene Sinode, sinodes en ringe, almal saam – sê hy eerste: “Die NG Kerk met haar gebreke en sonde is die Here s'n”. Vir hom, soos vir sovele ander, is dit sy geestelike moeder. Hy leef uit die vrye genade wat hy deur die kerk se gereformeerde teologie leer ken het. Hy hou vas aan sy doop.

Daar is wel die Achilleshiel van die NG Kerk se apartheidsverlede, maar daarmee saam ook die groot respek wat die NG Kerk in eku-meniese kringe van Suider-Afrika en reg oor die wêreld geniet.

Oor die NG landskap waardeur die NG Kerk nou beweeg, maak Gerber verskeie opmerkings, waarvan party baie positief is.

“Ek dink nie die NG Kerk se gemeentes en lidmate was al ooit so betrokke by die nood van die samelewing om hulle nie”, sê hy, en verwys dan na die “wavragte verhare” van die werk wat op soetvoolvlak gedoen word.

Daarby kom die enorme klomp werk deur die kerk se formele welsynsdienste, en die werk van organisasies soos Mes en Pen en Echo-Jeugontwikkeling wat deur die kerk en haar mense tot stand gebring is en langs en vir die kerk diens lewer.

Daar is die klein gemeentes wat “as geleenthede omvorm” word, die skares talentvolle mense van die kerk wat op verskeie terreine as vrywilligers diens lewer en die omvangryke werk wat in die tien sinodes gedoen word.

Kommer

Maar daar is ook aspekte van kerkwees waarvoor Gerber bekommerd is, soos die verband wat onder druk is. Die vier vlakke van gemeente, ring, sinode en Algemene Sinode en die verwydering wat soms tussen verskillende vlakke beleef word.

Hy is jammer dat die algemene predikantekonferensie wat tien jaar gelede in Bloemfontein gehou is, nie opgevolg is nie. Dit sou verhoudings kon bou, vertrouwe versterk en die saam aanpak van die reis makliker maak het.

Oor die opleiding van predikante het hy vrae, onder meer omdat die kerkverband in die toekoms minder voltydse en duur dominees sal kan bekostig. Hy dink ook nie 'n gemeentejaar aan die einde van die opleiding werk nie. Soos by die opleiding van dokters, moet die praktyk van die begin af deel vorm van die opleiding, meen hy.

Hy praat lank oor sy kollegas, oor die oorweldigende meerderheid dominees wie se lewe en bediening getuig van integriteit en wat soveel dinge goed doen. Maar ook oor kollegas wat seer het, wat êrens vasgeloop het, wat die las dikwels alleen dra. En dan verwys hy kortliks na die klein klompie kollegas wat lui, onverantwoordelik en eiewys is.

Gerber is bekommerd oor wat apartheid aan die psige en lewe van baie NG lidmate gedoen het, en oor die sukkelende pogings van die kerk om haar mense te help.

'n Woestynreis

Hoe dink hy oor die NG Kerk se reis vorentoe "agter die lewende, teenwoordige Een aan"?

"Dis ongelukkig 'n reis in die woestyn in", sê Gerber. "Dis 'n reis met geen sekerhede nie. Ons het net die Lewende se Woord. So 'n woestynreis is nie sleg vir 'n geloofsgemeenskap nie, maar dit is moeilik".

Hy pleit daarvoor dat die kerk midde-in die swaar en die seer steeds die ritme en die musiek van God sal hoor en daarop sal dans. Hy pleit dat daar met minder stel-ligheid gepraat sal word. Ook dat daar teologiese energie ingesit sal word om lidmate te help met die

verlede, hede en toekoms van hulle kontekste.

Sy aanvoeling is dat daar by jonk en oud 'n behoefte is aan 'n eenvoudige leefwyse uit die hand van God.

Deur dit alles hoor 'n mens by Kobus Gerber iets wat sy hele bediening gekenmerk het: 'n diep liefde vir die Kerk van die Here en vir die Here van die Kerk.

1. VGK IN SUIDER-AFRIKA – EVANGELISASIE

ONS IS MAAR NET DANKBAAR

Ons het gekom aan die einde van nog 'n jaar en ons kan maar net sê: "Sy genade was vir ons genoeg, want sy krag word in ons swakheid volbring"; want al ons sondes en swakhede ten spyte, het Hy ons weer in staat gestel om in sy diens te staan en kon die Evangelie verkondig word. Wanneer ons terugkyk oor die jaar, dan is ons maar net dankbaar vir alles wat ons ontvang het en vir daardie deeltjie wat ons, met u hulp, kon bydra. Ons kon 'n menigte Bybels, geestelike boeke, voedsel, klere, werksmasjiene, speelgoed en selfs 'n wasmasjien of twee versprei. Die lewensgehalte van een spesifieke blanke nedersetting is verbeter en hulp is ook verleen by ons kleuterskool te Ga-Rankuwa en Lilydale. Verskeie gesinne is gehelp met kospakkies. 'n Paar honderd komberse is uitgedeel en dit is net te danke aan Evangelisasie ondersteuners. Ons het magteloos gestaan by ernstige brande waar mense hulle besittings en selfs hulle lewens verloor het. Ons het dienste bygewoon en kon self ook dienste hou en kan net ons dank betuig vir die Vader se goedheid en genade.

Dit is vir ons lekker om van u te hoor hetsy per brief, sms, e-pos of sommer net 'n vinnige telefoon-

SENDINGNUUS

Ingestuur deur Betsie de Wet

oproep en selfs 'n besoek of twee. Dankie vir die goeie terugvoer oor die werkstuk oor ons

medelandgenote. Ons probeer om daarmee 'n beter insig te gee ten opsigte van hulle godsdiens, lewenswyse en daaglikse bestaan.

GESEËNDE KERSFEESWENSE EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR?

Die vraag kom dikwels by my op oor wat ons eintlik bedoel wanneer ons hierdie tyd van die jaar aan mekaar goeie wense toevoeg. Is dit net 'n gewoonte? Wat wil ons eintlik daardeur vir mekaar sê?

Dit is veral opmerklik dat selfs besighede wat nie deur Christene bedryf word nie, ook in hul vensters "Happy Christmas" plakkate vertoon; of werknemers wat 'n doppie soek "want dit is mos Krismis." Dan besef ek weer eens dat Christus wel die uitgangspunt, maar dikwels nie meer die middelpunt van Kersfees is nie. Tog wil ons aan u almal 'n geseënde Kersfees toewens. Mag ons almal weer opnuut tot die besef kom wat Hy moes deurmaak om mens te word, ter wille van ons. Mag hierdie nederigheid en dienskneggestalte ook meer en meer in ons almal se lewens verrys.

Ons weet nie wat volgende jaar vir ons inhou nie, maar ons gaan dit vol vertrouwe tegemoet want dié Here in Wie se hand alle tye is, is ook die Here van die nuwe jaar. Daar is oorgenoeg bewyse – as ons na bewyse soek – dat Hy dieselfde bly, al wentel die eeue ook voort. Waarom sal ons dan vrees? Hy gaan vooruit en sy wil sal geskied. En elke Kersfees, wanneer ons dink aan die Kind van Bethlehem, sien ons Hom, die nederige Koning!

'n Voorspoedige 2016 aan u almal!!

ONS GAAN BIETJIE RUS

Ons bly in Jan-tuisbly se karretjie maar die telefoon sal beman word en die pos sal ook afgehaal word. En hiermee kom ons aan die einde van 2015!!

Baie dankie vir ALLES!!!

Ons medelandgenote: (Vervolg)

Veral by die Basotho is die voorvadergeeste die voorwerp van offers en gebede. Die Basotho glo dat die voortbestaan van die voor-

vadergeeste van die lewendes afhanklik is. Alhoewel die voorvadergeeste selfversorgend is, het hulle net soos die lewendes, materiële behoeftes. Hulle word honger en moet deur die lewendes gevoed word. Dit is ook 'n ramp om nie kinders te hê nie. Hoe meer kinders op aarde, hoe beter gaan dit met jou na die dood.

Die aard van die offer verskil, soms word net 'n bietjie speeksel, water of bier uit die mond gespoeg. By die Afrikaan gaan dit om hulp in nood en nie oor aanbidding, dankbetuiging, belydenis of skulderkenning nie.

In hulle lewensbeskouing word daar altyd gesoek na die oorsaak van 'n gebeurtenis behalwe as iemand op 'n hoë ouderdom sterf.

Die fout wat gemaak is, is dat die woord vir God nl **Modimo** net so oorgeneem is uit sy bekende woordeskat. Nou sal hy sê: "ek ken vir God" en die oningeligte persoon sal dink dat hy praat van die God van die Bybel en al die tyd bedoel hy sy eie godsbegrip. Dit beteken dat hy net iets nuuts by sy bestaande godsbegrip voeg. Vir hom is sy eie godsbegrip dat sy god ver weg van hom is en dat hulle voorouers meer van hom weet en nader aan hom leef. Ons verwag moontlik by die stedeling dat die kersteningsproses al verder gevorder het as in die platteland, maar soortgelyke idees word nog by die stedeling gevind.

Daar word deur die navorsers beweer dat gebed tot God, by sommige Christene en stamme, al word die voorvadergeeste nie by name genoem nie, tog ook versoeke tot hulle impliseer.

Sommige Christene ervaar God naby en ander weer ver. Met navorsing is daar gevind dat die God van die Bybel in verband gebring word met die kerk en met droogte, reën, ens, maar die voorvaders word geassosieer met die lewe van die enkeling binne sy intieme familie- en gesinsverband.

Fisiese kwaad, as straf van God op oortredings, was in die tradisionele samelewing 'n seldsaamheid. Onder invloed van die Christendom het hierin 'n ve-

randering ingetree en word daar soms van 'n straf van God in hierdie lewe gepraat. As voorbeelde van hierdie straf kan algemeen word dinge soos siekte, kinderloosheid, misverstande met ander mense, werkloosheid, goed wat weggaak, gebrek aan sekuriteit, vriende wat jou verlaat, mense wat van jou weghardloop en dood op vroeë leeftyd. Sommige glo ook in straf wat deur God voltrek word na die dood.

Dat God sal skeiding maak tussen goeies en slegtes na die dood, staan vas in die oortuiging van die meerderheid, maar hiervan word nooit in krisistye rondom die dood melding gemaak nie. (Vervolg)

Ons Tswana spreekwoord: Sedibana se pele ga se ikanngwe.

Betekenis: Die putjie wat vorentoe is, word nie vertrou nie.

Gebruik: Moenie jou huidige bron van hulp versmaai nie, jy weet nie hoe dit later of onder ander omstandighede sal gaan nie.

Kersgroete! Marinda Cox en Personeel

Bron: Evangelisasienuus – Desember 2015; Adres: Marinda Cox, Evangelisasie, Posbus 531, Ifafi, 0260; Tel/Sel: 012 259 0152/082 574 1340; E-pos: marindacox@mweb.co.za; Bankbesonderhede: ABSA, Rekeningnr: 0690 750 252, Takkode: 632005.

2. JAPANSENDING

BYEENKOMSTE IN SUID-AFRIKA

Liewe Biddende Vriende

Dankie vir julle gebede vir ons terwyl ons byeenkomste in Suid-Afrika gehou het.

Terwyl ons die Here se genadige seëninge ervaar het, het ons weer tot die besef gekom van die feit dat ons in moeilike tye leef. Die nuusmedia in Suid-Afrika het onlangs berig dat daar in die afgelope jaar 49 moorde per dag in Suid-Afrika gepleeg is! Baie dankie vir julle gebede vir sy beskerming terwyl ons op gevaarlike paaie gereis het. Ons het ongeveer 8 800 km afgelê sonder enige voorval!

Die Here se seën was groot en Hy het almal se gebede verhoor ver bokant ons verwagtinge, terwyl ons vir ongeveer nege weke Suid-Afrika besoek het. Hy het ons

voorsien van 'n wonderlike plek wat as basis kon dien vir ons werksaamhede, 'n goeie motor en 'n skedule van omtrent 80 dienste en besoeke. Party Sondae het ons tot drie byeenkomste gehad en is ons die geleentheid gegee om die hele diens te kon waarneem. Ons kon ook ongeveer 10 radio-uitsendings opneem wat die werk bekendstel.

DIE RESERWEBANK EN SAKELEIERS

'n Bemoedigende tendens was dat ons genooi is na 'n aantal sakeondernemings om te praat met werknemers en kollegas gedurende hulle etensuur. Ons het in aanraking gekom met unieke mense wat die Here liefhet. Een so 'n ontmoeting was met die werknemers van 'n raadgewende maatskappy, genaamd *Bigen Africa*. 'n Soortgelyke samekoms was by die *Reserwebank van Suid-Afrika* in Pretoria. Ons het deur sewe streng sekuriteitskontrolepunte gegaan om in daardie kantoorgebou te kom. Omtrent 20 vriende en kollegas het daar bymekaargekom en ons gevra om oor Japan te praat. Dit is gehou in die tyd wat hulle gewoonlik bymekaarkom vir gebed en Bybelstudie. Dit was 'n wonderlike voorreg om te praat met daardie jong stedelike beroepslui. Elke jaar ontvang Japansending spesiale toestemming van die *Reserwebank* om fondse van Suid-Afrika na Japan te kan oorplaas, aangesien Suid-Afrika streng valutabeheer toepas. Die werk in Japan gaan deels voort omdat die Here elke jaar vir ons so 'n wonderwerk doen.

Die Here het heelwat wondere verrig om ons met 'n hele paar spesiale mense van sý keuse te verbind:

ALBERTON CHRISTENSKOOL

Ons verwelkom geleenthede om met jong mense te kan praat, want hulle is die toekoms. Die Here het ons 'n wonderlike geleentheid gegee om ongeveer 1 000 leerlinge by 'n Christenskool te kon toespreek: graad 1 tot graad 12 in twee sessies. Ons is dankbaar vir die voorreg om die jeug te

inspireer vir Christus en vir sendinguitreik. Na die diens het 'n jong seun na ons toe gekom en met trane in sy oë gevra of hy saam met ons kan bid. Ons het vir hom gebid en hy het vir ons gebid. Ons kon sien dat die Here duidelik sy hart aangeraak het.

LOUIS TRICHARDT — TANNIE RINA FAURE

Neil het dikwels gesê: "Ek laat nooit die geleentheid verbygaan om met inwoners van 'n aftreeoord te praat nie, want daardie mense het tyd om te bid. Van die belangrikste werk wat hulle dalk in hulle hele leeftyd doen, mag gedurende hulle laaste jare gedoen word, terwyl hulle in die bed lê!"

Tydens 'n besoek aan 'n aftreeoord in Louis Trichardt, was daar omtrent 40 inwoners wat gewag het om te hoor van die werk in Japan. Die dominee wat die diens gelei het, het gesê: "Hierdie ontmoeting met die Verweys sou nie moontlik gewees het as dit nie vir tannie Rina was wat herhaaldelik gevra het dat ons kontak met Japansending moet maak nie." Toe ons haar ontmoet, het sy gesê: "Ek het vir Japansending gebid en hulle ondersteun vir die afgelope 40 jaar, maar het julle nog nooit persoonlik ontmoet nie. Dit is so wonderlik om julle uiteindelik te sien!" Sy het Neil en Peggy Verwey sowat 20 jaar gelede ontmoet.

LANGDURIGE ONDERSTEUNER/GETROUE ONDERSTEUNER

Op die laaste Sondag in SA het ons 'n man ontmoet wat 89 jaar oud is. Hy het vir ons gesê dat hy al vir dekades 'n ondersteuner van die werksaamhede van Japansending is, maar nog nooit 'n Verwey in lewende lywe gesien het nie. Hy't vir sy vrou gesê: "Kom ons gaan Sondag. Ek wil een van die Verweys ontmoet voordat ek sterf." Dit was bemoedigend om te besef dat daar mense is wat ons nog nooit ontmoet het nie wat die werk ondersteun!

BALLITO — MARTIN EN DOLLIE OLIVIER

Nog 'n wonderwerk wat die Here

bewerkstellig het, was tydens 'n Sondagoggendiens in 'n groot kerk in Ballito. Pas nadat ek gebid en opgekyk het om met die boodskap te begin, het ek 'n dame in een van die voorste rye sien sit wat teruggeleun het en besig was om haar bewussyn te verloor. Ek het later gehoor dat sy 'n hartaanval gehad het. 'n Dokter in die gehoor het vinnig gegaan om haar te help en hulle het die stoele weggeskuif sodat sy op die vloer kon lê. 'n Paar minute later het die dominee vorentoe gekom en vir my gesê dat die dokter na haar omsien, die ambulans ontbied is en dat ek asseblief moet voortgaan met die boodskap. Nodeloos om te sê, ek het baie ongemaklik gevoel. Ek het maar aan die mense verduidelik dat sy deur 'n dokter behandel word, dat alles onder beheer is en dat ek gevra is om voort te gaan met die preek. Die ambulans het 'n lang tyd geneem om te arriveer – omtrent 20 minute nadat ek klaar gepreek het. Ek het haar man 'n handdruk gegee terwyl hy vinnig op pad was na die ambulans en hy het gesê dat hulle al vir baie jare vir Japansending bid.

Vier weke later het ek op 'n Sondagmôre die boodskap gebring by 'n groot kerk in Vereeniging. Net na die diens het 'n ouerige dame na my toe gekom en gesê: "Raai wie het die moles gemaak by die diens in Ballito?" Dit was dieselfde dame! Sy het baie gesond gelyk. Ten tye van die gebeure was hulle met vakansie in Ballito, maar is eintlik in Vereeniging woonagtig. Sy het voortgegaan, "Hierdie diens was vir my. Ek was vasbeslote om te kom, selfs al moes hulle my op 'n draagbaar hierheen bring. Die Here het jou besoeke so gereël dat ons jou weer kon ontmoet!"

Ek het haar 'n drukkies gegee en 'n boek. Ek het ook uitgevind dat haar naam tannie Dollie is. Ek het haar vertel dat ons vir 'die dame wat 'n hartaanval gehad het', vir 'n hele paar weke gebid het, en nou kon ons vir hulle op hulle name bid! Die Here het omstandighede op so 'n manier uitgewerk dat ons 'n besondere verbintenis met

hierdie paartjie kon bewerkstellig.

Die Here was goed vir ons op talle maniere. Dit is altyd 'n groot bemoediging om sulke toegewyde mense te ontmoet wat getrou bid vir die werk in Japan. Dit laat ons weer eens besef wat 'n groot voorreg en verantwoordelikheid ons het om goeie rentmeesters te wees van die geleentheid wat die Here ons gee om aan te gaan met die werk in Japan.

Dankie vir julle getroue gebede, Dawid en Sue

Bron: *Japansending* - e-pos gedateer 9 Desember 2015 van Dawid Verwey; Adres: Posbus 30106, Wonderboompoort, 0033; Tel & Faks: 012 377 1533; Sel: 083 719 0227; E-pos (SA): sa@japanmission.org; E-pos (Japan): jm@japanmission.org; Web: www.japanmission.org; Bankbesonderhede: ABSA Bank, Rekeningnommer: 090 161 334, Takkode: 632005

3. FEBA RADIO SUID-AFRIKA

HOOP VIR RUSLAND SE WEESKIND-KRISIS

Rusland beleef 'n geweldige krisis met haar kinders. Miljoene "sosiale weeskinders" leef noodgedwonge in oorvol weeshuise, of op straat. Daar is vandag meer weeskinders op die strate van Rusland as wat daar net na die Tweede Wêreldoorlog was!

Baie van hierdie sosiale weeskinders is verwaarloos of word deur hul ouers mishandel. Ander is deur hul aangenome- of pleeggesinne verwerp en moes terugkeer na die weeshuis. Twee miljoen kinders van alle ouderdomme ken slegs die strate as heenkome.

FEBC Rusland maak werklik 'n verskil

FEBC Rusland is daartoe verbind om heersende kulturele opvattinge oor aanneming, en daarmee saam die lot van hierdie wesies, te verander dmv hul radio- en satelliet-TV-programme. Deur bemiddeling van FEBC-vennote is 36 000 seuns en dogters reeds met liefdevolle Christelike gesinne verbind.

Galina, 'n tienermeisie, het deel geword van só 'n gesin. Sy sê: "Ek het nog nooit in my lewe sulke liefde ontvang nie. Ek het nie eens geweet hoe dit voel om omhels te word nie. Ek is so dankbaar dat ek

deel kan wees van hierdie gesin."

In 'n poging om 100 000 mense selfs net bewus te maak van hierdie hartverskeurende krisis, het FEBC 'n projek oor 'n tydperk van drie weke van stapel gestuur. Getuienisse van kinders wie se lewens deur God verander is, is uitgesaai. Een Russiese gesin het bv meer as 52 kinders gehelp om deel te word van 'n liefdevolle gesin en goeie toekomsvooruitsigte te hê. Masha is een van hulle.

Sy was maar 2 jaar oud toe haar pa die gesin in die steek gelaat het. Haar ma was 'n volslae alkoholis wat nie veel tyd of liefde vir haar kinders gehad het nie. Masha en haar sussie het 'n lewe van verwaarlosing, verlating en mishandeling tegemoetgegaan. So is hulle heeldag sonder kos aan hul eie lot oorgelaat.

In haar graad 3 skooljaar is die kinders van hul ma weggevat, en Masha en haar sussie het in 'n weeshuis beland. Die hartseer wat die twee kinders tot hier geken het, het nou 'n paar grade vererger. Skielik was hulle ook totaal verlate en alleen.

Dank God, ons Vader sluimer of slaap nie. Op 'n dag het 'n vreemdeling die weeshuis besoek met goeie nuus vir Masha en haar sussie. Sy blye boodskap was dat, alhoewel hul aardse ouers hulle in die steek gelaat het, hulle 'n hemelse Vader het wat hulle nog altyd liefhet....

DIE EWIGE LEWE OF SELFMOORD?

FEBC, die enigste Christelike uitsaaimaatenskap wat die hele Japan dek, red 'n lewe vir die Koninkryk

"O God, moet asseblief nie kwaad wees vir my nie," het mnr Tanaka vir ons in 'n brief geskryf, "... maar dit is moeilik vir my om te glo U bestaan. Ek is so moeg daarvoor om met depressie te lewe."

Hy het voorts geskryf: "Tien jaar gelede het my depressie so erg geword dat ek my werk moes bedank. Ek het nuwe werk gesoek, maar dit was te moeilik. Ons het ons spaargeld opgebruik en moes selfs geld leen. Daar is geen hoop

nie. Ek het verlede maand vier keer probeer selfmoord pleeg!"

Gelukkig was FEBC Japan daar om hom te help – maar net danksy vriende soos jy wat dit vir ons moontlik maak om na Japan uit te saai vanaf 'n piepklein eiland in Suid-Korea, en danksy ondersteunende personeel wat reageer op die hartverskeurende briewe wat ons elke dag van mense ontvang wat sonder die hoop van Christus leef.

Ons omroeper het dadelik op die brief gereageer en vir mnr Tanaka geskryf met ondersteuning en Bybelse raad: "Selfs al glo jy nie nou in God nie, sal Hy jou steeds bemoedig en vertroos. Jesus sê: 'Dis nie die gesondes wat 'n dokter nodig het, maar die siekes.' Jy het 'n dokter nodig en die Bybel wys duidelik wie Hy is. Daar is een ding wat ek van jou wil vra – moet asseblief nie selfmoord pleeg nie. Leef asseblief. En skryf weer vir my. Ek sien uit na jou volgende brief!"

Dis duidelik dat God, deur middel van ondersteuners van hierdie bediening soos u, lewens red en verander, nes dié van mnr Tanaka, wat wel weer geskryf het ...

"Ek waardeer jou radio-uitsendings en onlangse brief so baie. Ek is so bemoedig dat ek my lewenslus teruggekry het. Ek stort my hart elke dag uit in gebed. Ek het besluit om die Onse Vader elke dag op te sê en om te probeer om in God te glo."

Hy het weer geskryf – net 'n paar dae later – met nuutgevonde vreugde en geloof ...

"Ek het gister 'n werk gekry! God het my nooit verlaat nie; intendeel, Hy het my so ryklik geseën. Ek was verlede Sondag kerk toe om dankie te sê. Op my pad huis toe het ek 'n Bybel gekoop. Die oomblik toe ek dit in my hande hou, was ek met vreugde gevul. Ek is dankbaar dat God vir my die geleentheid gegee het om in Hom te glo. Ek waardeer almal by FEBC wat my na God en geloof gelei het. Baie dankie!"

Mnr Tanaka se veranderde lewe, en tallose ander ook, is die rede hoekom ons FEBC se uitsendings

moet voortsit en ons reikwydte in Japan moet uitbrei. Ons is die enigste Christelike uitsaaimaatenskap wat die hele Japan dek, met programme wat vanuit ons ateljees in Toko uitgesaai word. Hierdie programme word vir 75 minute per dag vanaf 'n 300 Kw-mediumgolfsender op die eiland Jeju in Suid-Korea uigesaai. Die sein is sterk genoeg om die hele Japan te bereik!

NUUS IN 'N NEUTEDOP:

Bangkok is besig om teen 'n onrusbarende tempo in die see in te sink. FEBC Thailand versoek dat ons asb saam met hulle vir hierdie krisis sal bid. Seewater is besig om in hul waterstelsels in te syfer en as gevolg daarvan moet hulle eers hul watervoorraad filtreer voordat hulle dit kan drink.

Dankie! FEBC Mongolië het toe die benodigde befondsing vir drie nuwe stasies gekry! Met die agt stasies kan ons nou die hele Mongolië met die Evangelie bereik! Prys die Here daarvoor en bid dat God die nodige fondse sal voorsien om hierdie stasies op die lug te hou.

Prys die Here vir die nuwe lid wat by FEBC Rusland aangesluit het, nl Sergey Stepanov. Hy is 'n radio-ingenieur, aanlyn radio-entoesias en 'n volwasse Christen. Hy sal die bestuur van een van die produksiesentrums asook twee stasies in Rusland behartig.

FEBC Korea het nog 'n lisensie om 'n nuwe FM-Stasie, FEBC-Jeonnang, op te rig. Hiermee sal ongeveer 'n bykomende 1 miljoen mense met die Evangelie bereik kan word.

Dis met groot verligting dat ons kan aankondig dat geeneen van FEBC Thailand se personeellede met die onlangse bomaanvalle in Bangkok in lewensgevaar was nie. Prys die Here daarvoor!

FEBA Radio SA het onlangs spesiale streeksbyeenkomste in Bloemfontein, Kimberley, Port Elizabeth, Umhlanga Rocks, Pietermaritzburg en in die Kaapse Skiereiland gehou, ten einde ons ondersteuners te ontmoet en te bedank. Dis te danke aan vriende soos u dat FEBA die Goeie Nuus

van Jesus se liefde aan die mins-bereiktes kan bring, wat andersins geen toegang daartoe sou hê nie. Ons dank God vir elke getroue ondersteuner van FEBA Radio, oor die lengte en breedte van Suid-Afrika!

FEBA RADIO Suid-Afrika vier ons 20ste verjaarsdag in 2016! Baie dankie vir jare se getroue ondersteuning om die Evangelie te bring aan die mins-bereikte bevolkingsgroepe van die wêreld.

RADIUS Broadcasting Hope/Uitsendings van Hoop – Uitgawe 3/2015; Adres: FEBA Radio Suid Afrika, Posbus 26270, Gezina, 0031; Telefoonnommer: 012 335 5708; E-pos: febasa@corpdiel.co.za; Web: www.febaradio.org.za; Bankbesonderhede: Naam van rekening: FEBA RADIO SA, Bank: ABSA, Rekeningnommer: 405 531 3541, Takkode: 632 005

MADAGASKAR

Liewe Vriende,

Die tyd draf ernstig aan en ek is DV op 1 Febr op pad na Madagaskar. Hiermee die nuwe gebedspunte vir die gemeentes en gebedsgroepe. Ons is bewus dat sommige gemeentes alreeds hulle gemeente aankondigings vir komende Sondag geskryf het, maar kan dit volgende keer plaas asb.

Madagaskar Gebedspunte 22 Jan 2016.

Bybels – die nuutste oplaag van 5,000 Bybels is in proses en moet eersdaags na Madagaskar verskep word. Bid saam vir die verskeping en die finale afbetaling. Die eerste 50% is reeds afbetaal. Daar is ook 'n skenking van 'n paar duisend Franse Nuwe Testamente asook Lukas Evangelies wat sal saamkom.

Wolf se werksbesoeke. Die vorige besoek einde van 2015 het goed afgeloop en hy kon ook meer nuwe kerkplantingsareas besoek as tevore. Hy vertek DV 1 Februarie om weer die kerkplantings-, opleiding- en Bybelverspreidingsprojekte verder te voer. Die vierde kerkplanterspan voltooi nou na 3½ jaar hulle werk maar 'n nuwe span word ook nou in Februarie amptelik aangestel. Die koördineerder moet 'n motorfiets en die 5 voltyd-se kerkplanters elk 'n fiets kry. Daar word oor lang afstande gewerk. Die beplanning vir die jaar is afgehandel en sal gebed vir die verkryging van krag, energie, fondse en wysheid vir die ver-

skillende projekte en aktiwiteite waardeer.

Opleiding van lekeleiers. Bid ook vir Fidy wat tans asook in Februarie die opleiding van die kronologiese Bybelkursus in die noorde voortsit. Sy vrou in Mahajanga is ook nie te wel nie. Bid ook vir sy dogter wat haar vir gesondheidsorg wil kwalifiseer.

Drukwerk. Die nuutste oplaag van opleidingsmateriaal word ook tans gedruk in Pretoria. Hulle beoog om dit teen einde volgende week te voltooi en daarna moet dit uitgevoer word na Madagaskar.

Islam. 'n Projek is geloods om 2,500 nuwe moskees te bou en hulle het dit ook bewerk om die regering se goedkeuring daarvoor te kry. Hulle het onlangs in die verre noorde begin bou. In die lig daarvan het 'n leraar in daardie gebied Wolf om bystand versoek om daar ook gemeentes te help vestig in gebiede waar daar nog nie gemeentes is nie. Dis egter buite hulle huidige werksgebiede en sal ekstra middele en fondse benodig. Bid vir leiding asb.

Behuising. Die eienares van die huis wat Wolf-hulle huur, is besig om haar situasie te evalueer en oorweeg dit om die huis te verkooop. Afhangend of dit gebeur en wie die koper mag wees, kan dit 'n groot ontwrigting wees. Bid dat die Here ook in die hele situasie sal onderneem.

Saam in Sy diens,
Wolf en Wenda.

WONDERWERK?!

Goeie more Ds Daan, dis 'n pragtige oggend hierbuite. Ek wil graag hierdie gebeurtenis met u deel, moontlik kan u dit gebruik. Ek het gister toe ons Bloemfontein toe gery het, weer baie daaraan gesit en dink, en besluit om dit met u te deel.

Wie het al 'n wonderwerk aanskou? Die sigbare werke van die Here? Wonderlik en onbegryplik is die weë van die Here!

'n Paar jaar gelede het my dogter op die Bluff in Durban gewoon en ons het toe gaan kuier. Durban se dik suurstof maak my altyd laf, en ek het dikwels gaan draf, en wonderlik gevoel daarna. Ons sou toe die Dinsdagoggend met die Inter-Kaap bus terugkeer. Die Saterdag het ek afgehardloop Treasure Beach toe engesweef soos 'n arend! En Sondag toe kry ek 'n enorme pyn in my maag en bors. Miems en my dogter het gedink dis 'n hartaanval en met my afgejaag na die Bluff se trauma hospitaal. Hulle het my dadelik verwys na St Augustine's. Die het gesê hulle behandel nie militêre pasiënte nie en my met 'n ambulans na New Sheefa, 'n Moslem hospitaal, laat neem. Daar is ek in hoërsorg opgeneem en toe die Donderdagoggend geopereer en is my galblaas verwyder.

Die verpleegpersoneel het gereeld vir my suutjies kom fluister: "Are you a Christian?" En as ek sê: "YES....." kom hulle blitsvinnig fluisterend terug: "SSSHHH!!! This is a Muslim Hospital!" Maar ek en my liefingvrou het openlik Bybelstudie gedoen en saam gebid sonder inmenging. En in die nagte het ek Bybelstudie met die nagpersoneel gedoen.

En toe die Saterdagoggend, steeds in hoërsorg, so net na donker, was daar 'n groot geskarrel en hulle bring 'n ouerige Moslemvrou in wat 'n beroerte gehad het. En saam met haar so twintig van haar familieleden wat almal huil en probeer raak aan haar. Dit het aangegaan tot so nege-uur toe, en toe het Dr Latif gevra dat hulle tog moet onttrek, hulle ontstig die ander pasiënte en verpleegsusters wat

vir haar probeer sorg. Twee het toe gebly en die res het onttrek na die sitkamer toe. Daar kom toe 'n middeljarige man, baie netjies geklee, na my bed toe en kom vra my om verskoning vir die ontwrigting. Dis sy ma wat hulle ingebring het, sy het 'n reuse beroerte gehad, en die dokter het gesê sy sou nie lewe tot dagbreek toe nie. Ek het hom verseker dat hulle my glad nie ontstig nie, ek het ook 'n Mammie gehad wat heen-gegaan het, en ek verstaan hoe hy voel. En toe vra hy, 'n Moslem, vir my: "Please, won't you also pray for her?" Ek het hom verseker dat ek sou, en hy is toe daar weg. Ek het toe my Bybel oopgemaak by Job 33 en gelees van vers 19 af tot vers 30 toe, 'n wonderlike stukkie, en toe het ek seer uit die bed geklim en op my knieë gegaan en ernstig tot die Vader gebid vir hierdie vrou wat nie bekend is met Sy liefde en genade nie.

Deur die nag het twee familieleden pal by haar gebly en gehuil. Maar sy het roerloos en onbeweeglik stil gelê. En ek het weer en weer vir haar gebid.

En die volgende oggend, Sondagoggend, so om 07h00, maak sy haar oë oop, draai haar kop van kant tot kant, en lig albei haar hande op. Pandemonium! Die twee dogters by haar skree en gil. Die nagsuster kom aangehardloop en staar met groot oë. Toe gaan ontbied sy Dr Latif. Maar hy was reeds by die hospitaal.

En al die familieleden storm weer in hoërsorg in! En toe ook Dr Latif! Hy het haar haastig ondersoek, en, om orde te herstel, het hy haar onmiddellik na 'n privaat kamer laat verwyder, en al haar familieleden agterna. **En 09h00 daardie oggend toe laat die dokter haar huistoe gaan.** Ons het gesukkel om dit te verwerk, maar die Here Here het 'n wonderwerk voor ons oë gedoen! En ek en die seun het Hom geloof en gedank vir Sy genade.

"Loof Hom wat wonders doen, tot in die verste lande."

Ingestuur deur Andy Malan

DESEMBER IN DIE GEMEENTE

Gedurende November en Desember het die gemeente die voorreg gehad om in die kerk na pragtige musiek te luister. Morgan, ons orrelis, het elke week ons blootgestel aan 'n ander kunstenaar. Daar was Louis-John, wat pragtig gesing het,



en Adri de Vos, met haar viool, het saam met Morgan hemelse musiek gemaak.





Op 6 Desember het ons, soos die Israeliete van ouds, met trompetgeskal die kerk ingestap. Tannie Dollie se Jubilate-koor het opgetree. Soos gewoonlik het hulle pragtig gesing, maar persoonlik het dit vir my gevoel of daar dié oggend iets besonder gebeur het. Daar was 'n atmosfeer van wonderlike toegewydheid wat deur die optrede van die koor bewerkstellig is en wat ons tot nuwe toewyding en aanbidding gebring het. Baie dankie aan Morgan vir sy besondere bydrae en aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het.

In Desember is die kerk gewoonlik maar leeg en dikwels is daar maar 'n handjievul mense wat kom tee drink. Dit beteken egter nie dat daar nie bedrywighede is nie. Op 16 Desember het Andy Malan weer die verhaal van Bloedrivier met groot entoesiasme toegelig. By dieselfde geleentheid het Danie Steyn van Kloofsig Gemeente 'n



uitstalling gehou van sy versameling eerstedag koeverte wat op 16 Desember 1938 uitgereik is met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Hy het baie interessant vertel van die groot moeite wat daardie tyd gedoen is om die logistiek van die waens te

koördineer sodat hulle al die koeverte kon oplaai – selfs by poskantore wat net vir dié dag gefunksioneer het. By hierdie geleentheid was daar heelwat besoekers van ander gemeentes teenwoordig.

OMGEE-VROUE



Die Omgee-Vroue het ook nie stilgesit nie. Daar is weer net na die ere diens op Kersdag by Rusoord geskenkies uitgedeel. Daar is 80 geskenkies verpak – elkeen met 'n verskeidenheid van toiletbenodigdhede.

Hierdie jaar het ons ook geskenkies vir die werkers voorberei, maar ongelukkig was daar te min om vir elkeen van hulle daarin te kon laat deel. Ons sal probeer om volgende jaar meer daarvan te voorsien. Ek wil graag vir elkeen wat die dag kom help het met die



uitdeel, baie dankie sê. 'n Hartlike dank ook aan verskeie persone in die gemeente wat ons van ruim bydraes voorsien het. Dit is maar vir ons klomp wat dié takie verrig altyd 'n emosionele ervaring. Almal is so bly om ons te sien en wil so graag 'n lang geselsie aanknoop, wat natuurlik nie altyd moontlik is

nie. Maar dit is vir ons lekker om die inwoners tog te herinner daaraan dat Lyttelton-Noord gemeente



vir hulle omgee en aan hulle dink op die besonderse dag. Ons wil darem ook glo dat deur hierdie klein liefdesdaad iets van Christus se liefde en genade geopenbaar word. Jansie.



TEKEN ASB NOU REEDS AAN

SATERDAG 6 Feb om 9:00vm. KERKSAAL. Die bekende Dr. Koos le Roux kom een van sy unieke foto-reekse vertoon. Sy werk is wêreldwyd bekend. Hy kom praat oor die argitektuur van Pretoria. Doen asseblief moeite om ons te ondersteun. Mans is baie welkom.

LIEF EN LEED

Bid asb vir die volgende mense wat siek is, dat die Here vir elkeen na sy/haar behoefte sal voorsien:-

Martin Odendaal wat nog wag op 'n hartoorplanting.

Pat Martins se buurvrou, Ornie Theron, wat met kanker gediagnoseer is.

Martin Ferreira wie se broer kanker het.

Wynand Badenhorst wat nog steeds aansterk by sy kinders in die Laeveld.

Sarie Keulder van Rusoord wat 'n paar keer geval het en ook in die hospitaal was.

Antjie Scheepers wat in die hospitaal was sowel as vir haar man Jack.

Johan van der Westhuizen wat opgeneem is in die versorgingshuis in Retiefstraat.

Tielman en Engela Nieuwoudt se kleinseun, Jason, wat weer geopereer is.

Engela self wat suksesvol geopereer is en goed aansterk.

Steve Otto se moeder wat in Rusoord opgeneem is.

Antoinette en Marieta wie se gesondheid op en af is.

Andries van Eck wat geopereer is vir obstruksie in die ingewande. Dit gaan nou weer beter.

Poppie Lange wat geopereer is vir bloeding op die brein en met wie dit nou beter gaan.

Sus Boshoff se dogter wat in en uit die hospitaal was maar nog sukkel met haar gesondheid.

Adri de Vos se moeder wat beroerte gehad het maar met wie dit nou beter gaan.

Du Toit van der Merwe wie se suster oorlede is.

Riekie Coetzee wat vir 2 jaar gesukkel het met 'n seldsame siekte en nou besonder goed herstel het.

Arrie van Oordt wat sodanig herstel het dat hy al vir 2 maande nie meer so afhanklik is van die suurstofbottel nie.

Mandie Cilliers wat 'n tydjie in Vista was en met wie dit nou beter gaan.

Jacques, seun van Issie de Kock, by wie 'n gewas uit die brein verwyder is. Sy spraak en linkerkant van die liggaam is nog aangetas.

Miempie Janse van Rensburg wat nog in die hoërsorgeenheid is agv 'n klont in die long.

Sus Quadling, wat net herstel het van haar arm na

'n slegte val en nou weer haar enkel ontwrig het.

Ronnie Kok wat beter is na 'n ligte beroerte.

Lina Venter wat nog nie geopereer kon word nie agv hoë bloeddruk.

Pierre de Villiers (21), vriend van oom Pierre Muller se seun wie se been geamputeer is agv aggressiewe kanker.

Frances de Villiers van Protea wat verhuis na Rusoord waar sy moet aanpas.

Oom Fanie Nel wat weer 'n angiogram moet ondergaan.

Jansie Kilian wat herstel na 'n knie-operasie.

Chelsea (15), kleindogter van Dolf Ellis, wat geleidelik blind word agv 'n genetiese siekte.

Jaco en Cindy Conradie wie se seun, Estian, weer vir toetse in die hospitaal opgeneem is.

Tannie Ans du Toit wat erge brandwonde aan haar rug opgedoen het agv 'n warmwaterbottel wat gebars het.

Tannie Naomi Smit wat opgeneem is in 'n versorgingseenheid in Groenkloof.

Hannie Kritzinger se kleinseun, Jade (16), wat 'n nier van sy ma ontvang het. Dit gaan baie beter behalwe dat die moeder 'n besering tydens die operasie opgedoen het.

Dawina Zaayman wat oor 2 weke weer 'n breinskandering moet ondergaan.

Tannie Elsje Bezuidenhout wat na 'n nekoperasie baie pyn ervaar het maar met wie dit nou bietjie beter gaan.

Daar was ook sterftes gedurende Desember en Januarie. Afgesien van Elsie Calitz se sterfte wat in die inleiding genoem is, is Pieter Baard, Lizz Lynn, Jeanette Kalp en tannie Stoffie Schmidt se broer ook oorlede. Ons bid al die naasbestandes en veral die nabye familielede die vertroosting en gemeenskap van die Here self toe. Mag dit help dat julle kan vrede maak met julle groot verlies.

En dan was daar groot lief en vreugde in die gemeente: ds Petro du Toit het op 24 Januarie verjaar. Ds. Petro, mag die nuwe jaar vir jou vol seën en vreugde wees, veral ook met die komende huwelik van Zeiti.